



## GRAAD 4 : WISKUNDE MAANDAG, 4 Mei 2020

**Titel: GRAAD 4 : WISKUNDE 9-MAAL TAFELS OP JOU VINGERS**

**Tema: 9 X TAFELS**

**Les: HOOFREKEN (10MIN):** Voltooi die onderstaande hoofrekentoets so vinnig as moontlik. Merk dit en OEFEN weer jou verkeerde antwoorde!

$5 \times 7 =$	$49 \div 7 =$	$7 \times 6 =$	$54 \div 6 =$
$30 \div 6 =$	$7 \times 8 =$	$33 \div 3 =$	$3 \times 9 =$
$8 \times 12 =$	$110 \div 11 =$	$5 \times 5 =$	$10 \div 10 =$
$64 \div 8 =$	$12 \times 2 =$	$50 \div 5 =$	$12 \times 11 =$
$11 \times 5 =$	$45 \div 5 =$	$11 \times 8 =$	$144 \div 12 =$

Kyk die you-tube video goed deur (Ek is jammer dit is in engels, maar ek kry nie 'n afrikaanse verduideliking nie! Gelukkig is julle mos slim!) Vandag fokus ons NET om die 9x –tafel op jou vingers in te oefen. Kyk mooi na die volgende bladsy wat vir jou presies verduidelik om dit in te oefen. Kry ook iemand wat vir jou die 9x se somme vir jou mondelings, deurmekaar, sal vra en dan oefen jy dit op jou vingers. **11 X 9 = 99 EN 12 X 9 = 108 MOET JY ONGELUKKIG UIT JOU KOP LEER, WANT JY HET NET 10 VINGERS** 😊 !!

### Werk met die 9-maal-tafel

In hierdie afdeling werk jy met die 9-maal-tafel.



Abdul

Ken jy die 9-maal-tafel se 'vingertoertjie'?


Ons kan ons vingers gebruik om die 9-maal-tafel uit te werk.



Maria

#### Instruksies


- Sit jou hande plat neer.
- Nommer jou vingers soos in die diagram.



- Om die antwoord te vind, buig die vinger met die getal wat vermenigvuldig moet word met 9. Die ander vingers sal die antwoord wys.

**Voorbeeld 1:**  $2 \times 9$

Buig vinger nommer 2 vorentoe.




Die vingers aan die linkerkant van die gebuigde vinger wys die tiene en die vingers aan die regterkant wys die ene.

Die antwoord is dus 1 tien en 8 ene  
Dus:  $2 \times 9 = 18$ .

**Voorbeeld 2:**  $3 \times 9$

Buig vinger nommer 3 vorentoe.



Die vingers aan die linkerkant van die gebuigde vinger wys die tiene en die vingers aan die regterkant wys die ene.

Die antwoord is dus 2 tiene en 7 ene  
Dus:  $3 \times 9 = 27$ .

**Aktiwiteit:** Oefen die 9x tafel mondelings op jou vingers!

**MEMORANDUM(ANTWOORDE):**

**Hoofrekentoets:**

$5 \times 7 = 35$	$49 \div 7 = 7$	$7 \times 6 = 42$	$54 \div 6 = 9$
$30 \div 6 = 5$	$7 \times 8 = 56$	$33 \div 3 = 11$	$3 \times 9 = 27$
$8 \times 12 = 96$	$110 \div 11 = 10$	$5 \times 5 = 25$	$10 \div 10 = 1$
$64 \div 8 = 8$	$12 \times 2 = 24$	$50 \div 5 = 10$	$12 \times 11 = 132$
$11 \times 5 = 55$	$45 \div 5 = 9$	$11 \times 8 = 88$	$144 \div 12 = 12$